

# AGRONOMIE

## NAVORSINGSINLIGTING



**P2565WB**

**VRM: 125**

**Dae tot 50% blom:**

**60 tot 66**

**Fisiologies ryp:**

**131 tot 141**

- Nuwe Wit VTP (Mon89) kultivar beskikbaar vir droëland toestande.
- Medium- tot lang groeiseisoen.
- Aangepas by hoë en lae potensiaal toestande.
- Kompenseer meerkoppig en produktiewe spruite.
- Presteer op alle grondtipes, 0.91 tot 1,5 m rye.
- Plantdatum: November tot 20 Desember.
- Beste plantpopulasie: 25 000 -32 000 p/ha hoë potensiaal, en 18,000-25,000 plante per hektaar by lae potensiaal toestande.



### BELANGRIKE AGRONOMIESE EIENSKAPPE

▪ Staanvermoë	■
▪ Opbrengspotensiaal	■
▪ Meerkoppigheid	■
▪ Kopplasing	■
▪ Droogte-verdraagsaamheid	■
▪ Afdroging	■
▪ Produktiewe spruite	■
▪ Aantal rye	±18

### SIEKTEVERDRAAGSAAMHEID

▪ Bruinroes	-
▪ Grysblaarvlek	■
▪ Noordelike blaarskroei	■
▪ Stam- en wortelvrot	-
▪ Kop en pluimbrand	■
▪ Fusarium kopvrot	-
▪ Diplodia kopvrot	■
▪ Gibberella kopvrot	-

#### Eienskapsgradering:

Goed ■ Gemiddeld ■ Swak ■

#### Siekteverdraagsaamheid:

Hoog ■ Gemiddeld ■ Laag ■

### BELANGRIKE PLANT EIENSKAPPE

P2565WB	Overall	Water Table	Dry West
% Wins vs (P2927WYR)	71 (14)	78 (9)	60 (5)
% Wins vs (P2865WBR)	69 (13)	88 (8)	40 (5)
Meerkoppigheid	1.89 (43)	1.83 (21)	1.95 (22)
Saailinggroeikrag	S	S	S
Staanvermoë	S	S	S
E/P verhouding %	51 (43)	51 (21)	51 (22)
Planthoogte (m)	1.90 (43)	2.05 (21)	1.75 (22)




# AGRONOMIE

## NAVORSINGSINLIGTING



- In die bogenoemde **Tabel** is dit duidelik dat P2565WB goeie stabiliteit toon deur P2927WYR en P2865WBR respektiewelik 71% en 69% van die kere te klop wat dit in vergelyking met mekaar geplant is.
- Die meerkoppigheid indeks is 1.95 (22 lokaliteite) koppe per plant wat in die droë Weste uitstaande is, in 'n droogte jaar.
- Goeie staanvermoë en veral goeie saailingroekrag is sterkpunte van P2565WB wat dit 'n suksesvolle keuse maak. Dit kom vinnig en gelyk op in windgewaaide sandlande.
- Die koppe word nagenoeg 50% van die plantlengte gedra wat die stroopbaarheid daarvan aansienlik vergemaklik.

### OPBRENGS



- Die swart lyn verteenwoordig die persentasie opbrengsvoordeel (%ADV) van P2565WB gelyk gestel aan nul.
- Dit is duidelik dat hierdie kultivar baie goed meeding met markleiers veral in die droë Westelike produksiegebied.
- Die % ADV oor 34 lokaliteite van P2565WB is bykans gelyk met DKC75-65BR (-0.22%). Oor 32 lokaliteite klop P2565WB die bekende DKC77-77BR gerieflik met 2.12%.
- Die vergelyking met PAN 5R-785BR is selfs meer oortuigend waar P2565WB met 4.07% wen in 31 vergelykings.
- P2565WB is dus 'n kultivar wat in terme van opbrengprestasie en stabiliteit presteer.
- Let wel dat P2565WB tans nog net in die VTP geen beskikbaar is, en slegs in 'n bewerkingstelsel, waar geen Roundup gespuit word, aangewend kan word.
- Dit bied uitstekende beskerming in areas waar mielie-toprusper 'n probleem kan wees.

### MEERJARIGE VERGELYKINS



**Pioneer  
P2565WB**  
WH/VTP



vs

**Pioneer  
P2842WB**  
WH/VTP

2019, 2018, 2017

#### Comparison Summary Report

#Cmp	26
#Loc	26
Yld Adv (mt/ha)	0.4
Yld %Wins	69%
Mst Adv	2.2
Prim Yield (mt/ha)	6.3
Comp Yield (mt/ha)	5.8
Prim Mst (%)	18.4
Comp Mst (%)	20.7
AGI Adv	\$0
Weigh Device	Combined
Comp Tst Wt (kg/hl)	
Prim RM	125
Comp RM	128
Prim RM Zone	123
Comp RM Zone	128
PrimSilageCRM	0



- Die **Figuur** hierbo toon die meerjarige opbrengsprestasie van P2565WB in vergelyking met P2842WB as 'n vergelykende opsomming, asook die regressie vergelyking oor 26 lokaliteite.
- Dit is duidelik dat P2565WB 69% van die vergelykings wen en gevolglik P2842WB gemiddeld met 400 kg/ha klop.
- Bo en behalwe 'n beter opbrengs, is P2565WB 2.2% vinniger as P2842WB indien vogverskille tydens stroop vergelyk word.
- Die regressielyste toon dat P2565WB sterk kompeteer tot 5 ton/ha produksiepotensiaal, maar veral by hoër potensiaaltoestande (7 - 9 ton/ha) betekenisvol beter as P2842WB presteer.
- P2565WB is dus 'n waardige plaasvervanger van P2842WB.

# AGRONOMIE

## NAVORSINGSINLIGTING



Pioneer  
P2565WB  
WH/VTP


vs

DeKalb  
DKC75-65BR

2019, 2018, 2017


### Comparison Summary Report

#Cmp	31
#Loc	31
Yld Adv (mt/ha)	0.0
Yld %Wins	52%
Mst Adv	1.9
Prim Yield (mt/ha)	6.6
Comp Yield (mt/ha)	6.6
Prim Mst (%)	18.2
Comp Mst (%)	20.1
AGI Adv	\$0
Weigh Device	Combined
Comp Tst Wt (kg/hl)	
Prim RM	125
Comp RM	0
Prim RM Zone	123
Comp RM Zone	0
PrimSilageCRM	0



- Die **Figuur** hierbo toon dat P2565WB gelykwaardig presteer in terme van opbrengs indien dit met 'n markeier (DKC75-65BR) vergelyk word. Oor 31 lokaliteite is daar gemiddeld geen betekenisvolle kg/ha verskil nie.
- P2565WB toon egter stabiliteit deur wel 52% van die 31 vergelykings te wen.
- Indien sterk Agronomiese eienskappe, soos uitstekende saailinggroei krag veral in sandgronde, goeie staanvermoë en goeie graankwaliteit in ag geneem word, is dit 'n kultivar wat met gemoedsrus aanbeveel kan word.
- Daar word met opgewondenheid uitgesien na die staplegeen weergawe van hierdie genetiese platvorm.

## PLASING VOLGENS OPBRENGSKAARTE





# AGRONOMIE

## NAVORSINGSINLIGTING



- Die proefpersele waar P2565WB geplant en vergelyk is, word in die Figuur hierbo aangedui. Dit toon die prestasie van P2565WB volgens omgewing wat varieer van minder as 5 ton/ha tot meer as 9 ton/ha opbrengspotensiaal.
- Dit is duidelik dat P2565WB uitsonderlike genetika is en stabiel volgens produksiepotensiaal presteer.
- In die hele Noord Westelike gedeelte word opbrengste verkry wat wissel tussen 5 en 7 ton/ha. Indien die droogte jare waartydens die data versamel is, in ag geneem word, is dit merkwaardig. Die genetika presteer beter as enige ander, en daarom word met verwagting uitgesien na die stapelgeen weergawe van die platvorm.
- By hoër potensiaal toestande in die Vrystaat en watertafels is opbrengste soos aangedui tussen 7 en 9 ton/ha gedokumenteer. P2565WB is dus 'n kultivar wat positief reageer by beter toestande en gemaklik die boonste opbrengsvlakke kan bereik.



The foregoing is provided for informational use only. Please contact your Pioneer sales professional for information and suggestions specific to your operation. 2019 data are based on average of all comparisons made in over 2019 locations through 2019. Multi-year and multi-location are a better predictor of future performance. Do not use these or any other data from a limited number of trials as a significant factor in product selection. Product responses are variable and subject to a variety of environmental, disease, and pest pressures. Individual results may vary.